Pretoria- 15 Mei 2011

Skriflesing: Filippense 1:12-2:3
Teks: **Filippense 1:12-14**
Sing- Ps. 48:1,5; Ps. 19:1,2; Ps. 34:1,2; Ps. 72:1,6

Daardie besonder goeie verhouding tussen Paulus en die gemeente in Filippense staan vanoggend weer baie duidelik op die voorgrond. Broeder en suster, verlede Sondag het ons gesien die gebed wat daar gebid was. Al is daar 'n goeie verhouding tussen Paulus en die gemeente, maar nog steeds bid hy dat hulle liefde net nog meer en meer oorvloedig moet word. Paulus het ook gebid dat hulle oordeelsvermoë en onderskeidingsvermoë opgeskerp mag word- *om die dinge waar dit op aankom te onderskei-* as 'n gemeente goed kan onderskei die dinge wat werklik saak maak, dan sal hierdie fyn aanvoeling op denkbaar elke terrein van die lewe toegepas moet kan word. Juis in die gebed om die dinge goed te onderskei; dit alles staan in die belang van geregtigheid. Dit was die volle deel van Paulus se gebed – hy bid dat hulle *vervul mag word met die vrug van die geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God.*

***

Dit wat ons vanoggend moet tref, geliefdes, is die baie teëspoede wat daar in ons lewe ook mag wees, maar hoe raak dit die evangelie. Wat moet ek van die kerk verwag as dit met my nie goed gaan nie. OF dalk anders gestel, wat kan die kerk van my verwag in tye wat ek baie vasgekeer mag wees. Hoe word die evangelie in alle geval geraak wanneer dinge my direk raak?! Weereens moet ons besef soos wat Paulus se gebed vir ons was- selfs dan moet ek die dinge waar dit op aankom kan onderskei. Hierdie deurlopende gebed om te onderskei die dinge wat werklik saak maak, moet biddend jou en my lewe elke dag beheers- maak 'n verskil tussen dit wat die moeilike geskille in jou lewe mag wees- of anders gestel is my verleentheid nie dalk God se geleentheid nie?! Met al hierdie vrae en dit wat u en my lewe ook mag toewikkel is ons hoofgedagtes- 1. Die voortgang van die evangelie ondanks aanvegtinge. 2. Die wyse waarop die evangelie van God eenvoudig sy weg net vorentoe sal vind. 3. Wat is my en jou gesindheid en motiewe in wat met ons gebeur?

Die voortgang van die evangelie ondanks aanvegtinge:

In hoofstuk 1 van Filippense kan ons na Paulus se gebed die res van die hoofstuk eintlik breedweg in twee verdeel. Vers 12-18 is die dinge aan die buitekant- hoe Paulus terwyl hy in die gevangenis sit dié mense met wie hy daar vêr in die tronk dag tot dag mee moet te doen het, wil hy eintlik by hulle begin en nie by homself nie. En daarna in verse 19-26 knoop hy die binnekant van sy gemoed nog dieper oop- hoe hy onder hierdie omstandighede oor homself uitspraak kan gee en wat sy eie verwagtinge dan ook is. MAAR dit moet ons

sommer dadelik raaksien, as hulle vir Paulus sou vra hoe dit met hom gaan, dan antwoord hy eintlik nie die vraag nie. Hy wil graag net vir hulle sê hoe dit met die evangelie gaan. Nie hoe gaan dit met my nie, maar hoe gaan dit met die evangelie! Al is dit Paulus se vriende wat wil weet hoe dit gaan, al is daar van die ander mense wat vyande van hom mag wees, maar vir vriend en vyand geld presies dieselfde woord dat solank dit met die evangelie goed kan gaan, dan gaan dit met my goed.

***

Ons moet dit teen die agtergrond van hierdie brief goed verstaan, broeder en suster, daar was baie gelowiges wat oor Paulus baie bekommerd was. Hulle was veral besorg oor die feit dat hy gevange gehou was en dat daar 'n groot regsaak of hofsaak op hom wag. Hy sal hom nog voor die Romeinse stadshouer moet kan verantwoord. Die klag wat daar wel teen hom was, is dat hy 'n oproermaker is, daar is die mense wat hom as staatsgevaarlik beskou het. In v.7 het ons gelees hoe Paulus dan ook skrywe dat hy weet hulle vir hom in hulle harte dra, daarom dra hy hulle ook in sy hart.

Ons kom wel gou agter dat al sou mense dink dit kan met hom nie goed gaan nie, tog het ons verlede keer gesê hierdie brief dra 'n baie duidelike grondakkoord nl. BLYDSKAP. Meer as 15X wil Paulus die blydskap in die geloof, ook sy eie blydskap te midde van sy omstandighede onderstreep en dit nog wéér 'n keer onderstreep. Paulus begin sy antwoord ook met die groot versekering – *Ek wil hê dat julle moet WEET, broeders dat wat my wedervaar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het.*

***

Die feit dat die evangelie in wat nou gebeur bevorder is, dit het niemand kon verwag nie! Alles behalwe om dit van die één te hoor wat eintlik ter wille van die evangelie gevange gehou word. Dit moet ons deurgaans ook goed besef - Paulus is hier 'n gevangene nie omdat hy 'n misdaad gepleeg het nie, maar sy gevangeneming is onlosmaaklik aan Christus verbind. Die evangelie wat onlosmaaklik net aan Christus verbonde is, nou het hulle Paulus gegryp, want het hulle vir Paulus gevange geneem omdat hy oral waar hy gegaan het verkondig het dat die dood veroordeelde Jesus, Hy wat deur die Jode veroordeel is, hierdie Jesus het uit die dood opgestaan. Dit is waarom Paulus in die tronk was, om geen ander rede nie nl. dat hy gesê het Jesus lewe! 'n Lewende verkondiging van Hom wat die Jode wou glo dat Hy wat daar dood gekruisig hang, Hy wat begrawe is, Hy moet dood wees!

Die feit dat Jesus lewe, dit is eintlik die lewe van die evangelie! Daarom is dit duidelik dat die evangelie is in 'n opmars! Die woord wat gebruik word as Paulus sê sy gevangenis het eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop dan staan daar die woord προκοπή, *progress, advancement*- wat 'n baie sterk "voortgang" woord is. Dit is soos wanneer soldate in 'n leër uittrek en hulle oor berge en deur bosse 'n weg kan baan waar niks hulle kan stuit nie. Met Paulus se gevangenskap het die evangelie na vore geruk, dit het die top bereik van wat Jesus se regeermag op aarde alles insluit.

***

Paulus wys dan ook daarop dat in Christus het daar groot dinge gebeur. In Christus het selfs die keiserlike lyfwag wat as soldate oor Paulus die wag moes hou die een na die ander al hoe duideliker en dieper die kring om Paulus gevorm wat van die lewende Here gehoor het. Christus het Hom op die wyse in Paulus se boeie geopenbaar. God wat boeie kan gebruik om juis sy evangelie los te maak. Dit is alleen God wat dit kan doen! Hierdie nou kring om Paulus het nie klein gebly nie, want ons weet as Paulus in Ceserea in die tronk was dan het ook Felix en sy vrou Drusilla en ook Festus en ook die leiers onder die Jode is nie oorgeslaan nie. Ook Herodes Agrippa I en Bernice, almal sou aan die evangelie bekendgestel word, veral toe Paulus dan in sy gevangenis na Rome moes oorgaan.

Wanneer ons dit goed besef dat niks en niemand die voortgang van die evangelie kon stuit nie, dan is dit wat ons hier in die tweede plek vandag voor die Here moet raaksien-

Die wyse waarop die evangelie van God eenvoudig sy weg net vorentoe sal vind:

Die tronk is God se wyse om juis die evangelie uit te dra. Dink u dit in, broeder en suster, mense dink deur iemand op te sluit maak ek hom stil, maar God laat juis deur die opsluiting die oopsluiting plaasvind. Dit is hoe die Here werk. Daarom is daardie woorde in 2 Tim.2:9 altyd vir ons so belangrik – *die woord van God is nie gebonde nie...* m.a.w. die woord van God kan nie geboei word nie. Paulus sê dan ook vir die eerste kerk in Europa, vir hierdie Filippense dat mense deur my boeie vertroue gekry het, hulle dit des te meer waag om die woord onbevrees te spreek.

Soos sy boeie al hoe meer bekend word maak dit eintlik die evangelie al duideliker en bekender. Die naby-kring maar ook 'n al hoe wyer kring word hieraan blootgestel. Hy praat van die keiserlike lyfwag maar dit gebeur ook *by al die ander...* Daar is nie grense te trek van wat nou gebeur nie. Hier het hy eintlik in die grense van die tronk 'n grenslose geleentheid

wat hy wil dat die ander moet raaksien. Dit word 'n al hoe groter aantal mense wat natuurlik op die hele stad kon dui waar daardie tronk gebou mag wees. Eintlik gebeur wat Christus in sy bergpreek ons wou duidelik maak- Matt.5:14-16- *Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;* [15] *en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.* [16] *Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

***

En nou maak die Here bekend die baie besondere wyse hoe die evangelie sy weg net vorentoe gevind het, is juis dat daar al hoe meer broeders vertroue gekry het om die woord onbevrees te spreek. Wanneer Paulus praat van mense wat al meer VERTROUE gekry het, dan gebruik hy die Griekse woord afgelei van die stam - πείθω- wat ook daarop dui dat dit mense is wat oortuig geraak het, nie net omdat hulle ook graag daarin wil deel nie, maar hulle is nou gekonsolideerd in wat hulle as gemeenskaplike basis voor die Here kon stel.

Daarom het hulle ook geen vrees meer om die Woord uit te dra nie. Die afwesigheid van vrees maak dat die evangelie net nog verder sy weg vorentoe kon vind. Hoe belangrik om dit saam met die broeders te mag weet, dit wat ook in 2 Tim 1:7 staan- *Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.* Ons moet nie dit onderskat nie, geliefdes, almal wat saam met Paulus met dieselfde vrymoedigheid en oortuiging, met dieselfde vertroue as Paulus die evangelie sou uitdra, hulle het hulleself net soveel blootgestel om ook in die tronk te beland. Die vervolging van die gelowiges kon hierdeur eintlik net erger en erger geword het.

Hulle het hulle werklik blootgestel- maar nou is ons weer by wat Paulus se gebed was- *om te onderskei die dinge waar dit op aankom.* Die belangrikheid en die gewigtigheid om die evangelie uit te dra en uit te leef is in alle geval so groot dat al gebeur daar nou ook wat, hulle sou weet ons ly ter wille van Christus! As dit daarop sou aankom dat ek moet kies tussen my veiligheid of die uitdra van die evangelie, dan moet ek besef die keuse is nie myne nie. Ek het geen keuse as dit gaan om die uitdra van die evangelie nie! Daarom praat Paulus hier nie maar net van sy broeders nie, maar pertinent word hulle geplaas as *broeders in die Here...* Daarom is hulle prediking nie tevergeefs nie. Dit is 'n kragtige getuienis wat op geen manier gestop kan word nie. Selfs al daar dié mense wie se gesindheid en motiewe

onder verdenking staan, selfs hulle verkondig Christus en op geestelik volwasse wyse sal daar ook na hulle gekyk moet word.

Ons laaste vraag waar dit dan by moet uitkom as ek geestelik volwasse die evangelie moet kan uitdra- dan is die vraag-

Wat is jou en my gesindheid en motiewe in wat met ons gebeur?

Hierdie gedeelte laat ons vanoggend ook die vraag na ons motiewe vra- Motiewe wat getoets moet kan word. Paulus het hierdie toets baie duidelik kon aanlê! Daardie suiwere motiewe van hulle wat Paulus geweet het hulle verkondig die Woord want hulle liefde vir Paulus staan saam met hulle liefde vir die evangelie. Daar is geen bybedoelings nie, al wat hulle doen, is om eenvoudig die Woord so uit te dra dat Christus verheerlik kan word. Dit waarvoor Paulus bestem is nl. tot verdediging van die evangelie, dit is ook hierdie andere se hoë ideaal, maar ons weet soos ons later vandag by ons tweede diens weer duidelik vanuit die Dordtse Leerreëls ook kan hoor, daar is selfs by die verkondigers van die Woord twee groepe mense. In die koninkryk van God het ons altyd met twee groepe te make.

Die tweede groep word deur Paulus op grond van hulle bybedoelings benoem. Hierdie negatiewe motiewe staan bymekaar dat hulle uit afguns en twis en naywer optree en op die wyse dan kan hulle optrede nog meer verdrukking aan Paulus toevoeg. Hulle wil die verkondiging van die evangelie gebruik om eintlik vir Paulus dit wat reeds vir hom swaar moes wees net nog swaarder te maak. Dit wat hierdie mense aan Paulus doen, is geen geringe saak nie. Om aan sy boeie verdrukking toe te voeg. In die Grieks het die woord vir die verdrukking 'n verdere betekenis dat daar kom nog meer moeilikheid juis op grond van die verdrukking. So asof hulle nie besef dat die gevangenskap op sigself alreeds soveel verdrukking veroorsaak het nie. Wie hierdie mense was en om watter rede hulle presies in spanning met Paulus geraak het, word ons nie gesê nie. Dit wil in alle geval lyk of dit mense was wat nie noodwendig dwalinge verkondig het nie. Hulle staan nog heeltyd onder die kategorie van ons broeders in die Here (v.14) en hulle verkondig waarlik ook Christus!

Daarom as dit in alle geval nie gaan om spanning wat hulle teenoor die evangelie van Christus het nie, maar hulle spanning is eintlik net teen die persoon van Paulus dan gee die Here vir Paulus hierdie gesindheid wat mens nooit uit jouself sal kan kry nie. Hierdie mense se gesindheid en motief mag wel wees afguns, twis en naywer, daar mag nog meer onsuiwere

bedoelings wees, maar Paulus se gesindheid is, moet nie hulle gaan staan en beveg nie. Watter wonderlike uitkoms wat die Here gee as ons v.18 lees- *Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly...* Weereens, mens word eintlik so aan jouself blootgestel as jy besef dat al ly Paulus se persoon onder hierdie mense net nog groter skade dan is hy daaroor bly, want as persoonlike verontregting selfs ook tot voordeel van Christus kan strek dan moet jy bly wees! Sal ons dit kan regkry, nee geliefdes, nie sonder die genade van die Here nie. Nou bely ons werklik vanoggend dit wat die Here se genade is en dit wat die genade kan doen. Dan moet ons tog anders hierna wil kyk?!

Twisgesprekke en twis groepe soos Paulus hulle ook hier aantref, hulle prediking is eintlik maar hulle eiebelang (ons Afrikaanse Bybel praat van *afguns)*, maar die woord vir eiebelang ἐριθεία (*eritheia)* het ook ingesluit dat ek dan iets tot eie voordeel wil doen. Hulle het beslis nie die belang van die apostel Paulus in die oog nie. Dit waarvoor Paulus daar neergesit is, dit is hoe hy homself in sy posisie sien as hy in v.17 sê ek is bestem tot die verdediging van die evangelie. Die woord bestem is in die Grieks κεῖμαι – dit is die enigste keer wat hy in die hele brief hierdie woord gebruik maar sluit dit in as ek hier neergesit dan sal hulle my nie mag skuif nie. Paulus sien homself in hoe God hom daar gestel en aangestel het. In alles sal hy in alle geval aan die Here verantwoording moet kan doen.

Ons moet beslis die aggressie teen Paulus nie geringskat nie, want in alle geval op baie ander plekke het die Joodse volksopstande direk gestuit teen wat Paulus as in belang van God se koninkryk beskou het. 'n Verkeerde nasionalisme kan waarlik 'n bedreiging vir die evangelie inhou. Mense uit sy eie volk het dit baie moeilik kon verwerk dat dit enigsins regverdig kon word, soos wat Paulus dit gedoen het om met gelowiges wat nie-Jode is nie, simpatie te mag hê, selfs as hulle dan tot geloof kom is dit nie nodig dat hulle besny moet word nie. Vir 'n rasegte Jood was dit een te veel en is mense in die opsig as volks verraaiers gedood. Dit het ook met Jakobus die broer van ons Here Jesus Christus gebeur!

Ons moet dit vandag ook besef broeder en suster, in baie opsigte is daar baie spanninge in die gemeente onderling, ook vanweë ander faktore, ook as Paulus hier skrywe dan gaan dit ook oor teleurstellings wat hy van kollega-predikante ervaar, maar hoe dit ook al sy, dit wat

Paulus hier sê en doen, is wat die Here ook van ons verwag. Dit sal nie help om hieroor geïrriteerd te raak nie, nee, in plaas van geïrriteerd te wees, is Paulus bly.

Nogtans staan dit alles hier want besef Paulus ook onder die oppervlak is daar maar baie keer baie dinge aan die broei. Selfs in die gemeente in Filippi, waar dit aanvanklik op die oog af lyk of dit baie goed gaan, tog sou ons vir 'n oomblik na die einde van die brief mag spring dan het die vroue in die gemeente onder mekaar ingespring. Daardie eenheid, daardie liefde, daardie onderskeidingsvermoë, daardie vrug van die geregtigheid wat hy in die begin van die brief voor gebid het, waar is dit nou?! *Ek vermaan Euodia en ek vermaan Sintiche om eensgesind te wees in die Here.* Weereens die vraag na mense se gesindhede en motiewe, moet ek toelaat dat dit 'n bedreiging vir die evangelie kan word?! In hfst 1:27 dan het Paulus ook al geskrywe dat mense hulle waardig die evangelie van Christus moet gedra.

En wanneer ons vandag hier afsluit broeder en suster, dan mag ons vra wat is waardig die evangelie. Watter motief moet daar wees wat my nie laat val in die kategorie waarin die mense teenoor Paulus ingeval het nie. Weet u as ons nog verder met die brief sou gaan, dan sal ons seker telkens hierna kan terugkom dat daar eintlik net twee dinge is, wat waarlik waardig die evangelie is. Twee dinge wat ons vanoggend baie duidelik by Paulus kon opmerk. En dit is eensgesindheid en nederigheid! Hfst. 2:1-3 is waaroor dit ook vir ons om moet gaan- ook in die tyd wat ons nou weer begin gereed maak om die Nagmaal van die Here te vier. Volgende Sondag is dit voorbereiding- ons sal dan nog beter na die deel wil kyk- maar ons sluit met die woorde hiervan af- *As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is,* [2] *maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.* Dit wat waardig die evangelie is, dit is u ook waardig- eensgesindheid en nederigheid.

AMEN